# Hoe Lyk Jou Geestelike Groei? (4)



**2025-09-07**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

## Ef 4:10-16

Ef 4:10 Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring.
Ef 4:11 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars,
Ef 4:12 om die **heiliges toe te rus** vir hulle **dienswerk**, tot **opbouing** van die liggaam van Christus,
Ef 4:13 totdat **ons almal** kom tot die **eenheid van die geloof** en van die **kennis van die Seun van God**, **tot 'n volwasse man**, tot die mate van die **volle grootte van Christus**;
Ef 4:14 sodat ons **nie meer kinders** sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring;
Ef 4:15 maar, terwyl ons in **liefde** die waarheid betrag, in **alles sou opgroei in Hom** wat die Hoof is, naamlik Christus,
Ef 4:16 uit wie die hele liggaam—goed saamgevoeg en saamverbind deur die **ondersteuning wat elke lid gee** volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate—die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.

2

## Fases van geestelike groei








Waar bevind jy jouself?

3

## Eienskappe van baba stadium



1. **Onskuld**
2. **Onkunde**
3. **Raak maklik geïrriteerd en soek heeltyd versorging.**
4. **Aandag word vining afgetrek.**
5. **Kry vining seer.**



1Pet 2:1 Lê dan af alle boosheid en alle bedrog en geveinsdheid en afguns en alle kwaadpratery;
1Pet 2:2 en verlang sterk soos **pasgebore** kindertjies na die **onvervalste melk** van die woord, dat julle daardeur kan opgroei,





4



# Kinder stadium

5

## Eienskappe van die Kinder stadium





1. **Onstandvastigheid**
2. **Aandag afleibaar**
3. **Nuuskierigheid**
3. **Spraaksaamheid**
4. **Nog nie Selfbeheersing (fisies en emosies)**





**Positiewe**

1. **Wees nederig soos kinders (grootste in die koninkryk)**
2. **Totale afhanklikheid**
3. **Vertroue**
4. **Eerlikheid**

Ef 4:14 sodat ons nie meer kinders sou wees nie **wat soos golwe geslinger** en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring;

6



# Volwasse

Ef 4:13 totdat **ons almal** kom tot die **eenheid van die geloof** en van die **kennis van die Seun van God**, **tot 'n volwasse man**, tot die mate van die **volle grootte van Christus**;

1Kor 13:11 Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar **nou dat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê.**

7

## Eienskappe van die Volwasse stadium



**1. Ag geestelike dinge belangriker as vleeslike dinge**
- Egipte (wêreld) teenoor God se dinge
- Wêreld se genot (vlees/sonde) is net tydelik.
- Onthou jy mag wel geseënd wees.
- Groei saam in die kerk.

2. **Sterf in jouself.**
- Hy wat my beoordeel is die Here.
- Los aanstoot, fyngevoeligheid, menslike eer.





8

## Eienskappe van die Volwasse stadium



**3. Sien die groter prentjie waarmee God besig is.**

Gen 45:5 Maar wees nou nie bedroef nie, en laat daar geen ontstemming by julle wees dat julle my hierheen verkoop het nie. Want om lewens te behou, het **God my voor julle uit gestuur**.
Gen 45:6 Want daar was nou twee jaar hongersnood in die land, en daar is nog vyf jaar waarin nie geploeg of geoes sal word nie.
Gen 45:7 **Maar God het my voor julle uit gestuur** om vir julle 'n oorblyfsel op die aarde te verseker en om julle in die lewe te hou tot 'n groot verlossing.





9

## Eienskappe van die Volwasse stadium



**4. Veroorsaak nie aanstoot nie**

1Kor 10:31 Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God. 32 Wees geen **oorsaak van struikeling** vir Jode of Grieke of vir die gemeente van God nie;

1Co 10:31 Whether therefore ye eat, or drink, or whatsoever ye do, do all to the glory of God. 32 **Give none offence**, neither to the Jews, nor to the Gentiles, nor to the church of God:

'n Volwasse Christen sal 1ste aan God se eer dink.

10

## Die Volwasse man



**Is jy nog by die basiese beginsels?**

Heb 5:12  Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle die **eerste beginsels** van die woorde van God moet leer, en julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie.
Heb 5:13  Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is.
Heb 5:14  Maar **vaste spys is vir volwassenes**, vir die wat **geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei**.

**Onderskei goed van kwaad.**

11

## Die Volwasse man



**Daar is nog plek vir groei.**

1Kor 3:1  En ek, broeders, kon met julle nie spreek soos met **geestelike mense** nie, maar soos met vleeslike, soos met klein kinders in Christus.
1Kor 3:2  Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste spys nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie, **en julle is nou nog nie daartoe in staat nie**,
1Kor 3:3  omdat julle nog vleeslik is; want **aangesien daar onder julle jaloersheid en twis en tweedrag is,** is julle nie vleeslik nie en wandel julle nie na die mens nie?

2Pe 3:18  Maar julle moet **toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker**, Jesus Christus. Aan Hom kom die heerlikheid toe, nou sowel as in die dag van die ewigheid. Amen.

12

# Die Volwasse man



Ef 5:1  Wees dan **navolgers van God** soos geliefde kinders;

Ef 5:2  en **wandel in liefde**, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur.

Joh 13:34  'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet **liefhê**; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook **mekaar liefhê**.
Joh 13:35  Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.

Ef 4:13  totdat **ons almal** kom tot die **eenheid van die geloof** en van die **kennis van die Seun van God**, **tot 'n volwasse man**, tot die mate van die **volle grootte van Christus**;

13